Geliefde Lourensrivierder

Piet Greeff, ‘n vriend van my Grotman, het altyd gesê: “ Moet nooit van 'n negatiewe persoon af wegloop nie, hardloop weg....” Ek dink dis baie waar en dat mens maklik ontmoedig word met negatiewe invloed rondom jou. Wel, ek weet nie van ander mense nie, maar ek weier dat alle negatiewe stories in ons omgewing en inligting daarbuite die doel voorwaar God my op aarde geplaas het en die plan wat Hy met my lewe het in die wiele ry. Elkeen van ons kán en is veronderstel om steeds ‘n verskil te maak ten spyte van... net daar waar ons is...



EEN persoon, Jarette Petzer, het die #ImStaying groep op sosiale media begin op 1 September 2019 om Suid-Afrikaners saam te bind met goeie nuus en stories van hoop. Vandag het daardie groep 700 000 lede en die stories het geen einde!!!

EEN persoon, Brent Lindeque (The Good Things Guy) het ‘n paar jaar gelede op Sosiale Media begin om NET goeie nuus te deel (ek het jou al van hom vertel)... *“GoodThingsGuy is on a mission to change what the world pays attention to. We believe that there is good news all around us and over 1 million readers a month agree with us. We hunt down and report on the best Good News stories from South Africa, and the World. GoodThingsGuy is dedicated to telling good stories & we like to share things that inspire. The platform is one of the leading good news sites in South Africa & has grown from one person with a simple idea to a full team that bring good news to South Africans everyday. The website is growing daily with the highest reach seeing over 1.9 million clicks in one month. Visit our Facebook Page to feed your mind with only good things!”*
https://www.facebook.com/goodthingsguy/ asook die FB Groep: South Afri-CAN.
Webtuiste: www.goodthingsguy.com

Nou... ek kan nêrens sien of hul eers Christene is nie, maar maak hulle ‘n verskil?? Verseker! **So dink jou net in wat kan gebeur as ons as Christene elkeen ons doel en roeping begin uitleef...**
Ek haal aan uit ‘n artikel in die Juig! Tydskrif van September 2009: “*God het ons nie gemaak om middelmatig te wees nie. Hy wil meer in en deur jou doen as wat jy ooit kan dink. Of dinge nou met jou baie goed gaan en of dinge besig is om inmekaar te stort, ons almal smag altyd na iets beter. Ons wil almal meer effektief in die lewe wees. Ons wil graag beter ouers, werknemers, eggenotes en Christene wees. God wil nie hê dat ons moet ophou groei nie – hy is nie ‘n God van stagnasie nie! Ons moet altyd daarna streef om nuwe hoogtes wat betref vermoëns, geestelike wandel, finansies, loopbane en persoonlike verhoudings te bereik. Die vraag waarmee almal van ons dikwels worstel, is: ‘Hoe?’”*

Lees asb die volle artikel by hierdie skakel: https://www.juig.co.za/article.php?id=67 (ek kan dit ook vir jou per epos aanstuur indien jy nie dit aanlyn kan lees nie).

NUUSKRUMMELS: 17 Oktober 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

HERINNGERING: Sondagoggend is Belydenisaflegging. Dinamiet Kiedz woon diens saam met ouers by. Belofteland sal wel oop wees.

DRINGEND opsoek na hulp vir FEESMARK:
- Vrywilligers in Kombuis
- Opsit van plakkate

Kontak asb kerkkantoor @ 0218535991

NB

WIL JY GRAAG BETROKKE RAAK BY FONDSINSAMELINGSPROJEKTE VIR ONS GEMEENTE?
HIER IS JOU KANS! Ons is dringend opsoek na vrywilligers met ‘n passie vir die toekoms en groei van Lourensrivier Gemeente.
Kontak asb Kerkkantoor @ 021 853 5991 of epos jou naam na fin@lourensrivier.co.za

WOEKERHOEKIE:

Anna se Marmelade @ R35
Anna se Blatjang @ R35
Canola & Olyfolie @ R85 EN Gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R50/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)
Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie

Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemengde vrugte

Ons het ook ‘n GROOOOT verskeidenheid van ander droëvrugte in verskillende grotes, bv. Mango, Appelkoos, Aarbei, Songedroogte tamatie en vele meer.

Vrugterolle, grondboontjies en neute te kies en te keur.

Vir volledige pryslys, kontak Kerkkantoor 021 853 5991

KERKNUUS UIT DIE OMTES:

In samewerking met die Christelike Seemansorganisasie tree Rina Hugo en haar man, Johan van Rensburg Dinsdag 22 Oktober 2019 om 10:00 op by die Suider Strand Gemeente h/v Gordonsbaaiweg en Alex Pienaarstraat, Strand.

Toegang is gratis, maar ‘n vrywillige donasie sal verwelkom word.
OF
U kan ’n seënsakkie bring vir ’n seeman. ’n Voorbeeld wat u in die sakkie kan sit: Waslappie, lekkerruik seep, klein buisie tandepasta, tandeborsel, aanrol deodorant,
weggooi skeermes, klein notaboekie en pen en ietsie lekker.

Petro Pentz, Admin Beampte
NG Gemeente Suider-Strand (021-854 5076)

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Oktober is *mental health awareness* maand. Depressie raak ‘n al groter probleem vir almal, gelowiges ook. Depressie101 bied die toneelstuk, Tikmasjien, aan om mense van die siekte bewus te maak, maar ook om depressievegters hoop te gee.

Is jy of ken jy ‘n depressievegter? Die tweetalige produksie, Tikmasjien, maak mense nie net bewus van die siekte nie, maar deel moontlikhede waarop depressie elke dag beter bestuur kan word. Koop jou kaartjies by: https://tinyurl.com/y4d4zdhx.
Baie dankie en seënwense.

HOOGEIND MANOR
29, 30, 31 OKTOBER 2019
om 18:30, 19:15 & 20:00
geskik vir tieners & volwassenes

Johan Laten
DEPRESSIE101
084 850 1140

PRÁÁT OOR DEPRESSIE. DIS BEHANDELBAAR.
depressie101 NPC 2019/163064/08

ACVV HUIS JAN SWART VERSOEK:
Ons verneem graag of daar iemand is wat aan ons 'n plastiek skulpvorm waarin jy sand of water gooi waarin kinders speel kan leen vir die 27ste November 2019 asseblief. Ons sal dit mooi oppas, ons benodig dit net as 'n ornament vir 'n funksie.
Groete, Henriette Heydenrych (Bestuurder)
021 854 3763 of henriette@huisjs.co.za

STRAND BUURTWAG NUUS:

Oktober Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of admin@chgeng.co.za.
Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word:
https://www.facebook.com/strandnw/

How to prevent becoming a Victim of Burglary

- Install an alarm system inside and outside your home.
- Be careful what you post on social media.
- Don't feel obligated to open the door to everyone, especially if you don't know who they are.
- A burglar will hesitate to mess with you if you have a guard dog.
- Close your curtains and blinds to block any potential burglars from seeing what you have inside.
- Use motion sensor lights outside your home to deter criminals who come close.
- Always lock your doors and windows and install burglar bars and a security gate.
- Find a new, creative spot to hide your valuable, or buy yourself a safe!

KNIEWERK:

- Gerda de Villiers vir volkome herstel na operasie (17/10)
- Pieter Groenewald gaan vir kolonoskopie (21/10)
- Nic Pienaar gaan vir knie-vervanging op (5/11)
- Rassie Erasmus herstel tuis na hospitalisasie
- Petrie se ma is in die hospitaal
- Paul Louw kry steeds kankerbehandeling

FOKUSTEKS VAN WEEK: LUK 18:1-8 (19DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Ons moedeloosheid in tye van onrus en onreg kan net getroef word deur voortdurende volhardende gebed om verandering. Ons moet leer om dag en nag te roep na God. Om wakker te wees, om ons slaap op te offer en voor die troon van God te verskyn vir hierdie lewe.
Die punt is nie of God wakker is nie..., maar of ONS wakker is, of ons dag en nag volhard in gebed tot God?
Daar is 'n diep behoefte na 'n gemeenskap van mense wat saam sug na geregtigheid, na lewensruimte vir elkeen, na heiligheid, na genesing en herstel van die afvalligheid waarbinne ons leef.
Ons as die uitverkorenes van God, die liggaam van Christus, IS daardie gemeenskap. 'n Gemeenskap van mense wat nie ophou om te roep na God, om dag en nag te vra, Here bring genesing. Here, herstel U beeld in mense. Here, gee bekering sodat ons land en sy mense "vrede sal ervaar soos 'n rivier en geregtigheid soos die golwe van die see." (Jes. 48:18)

Ons kan die belofte van God vasgryp. Dit is Hy wat belowe dat Hy reg sal doen aan die mense wat dag en nag tot Hom roep om geregtigheid.
Sal Hy ons lank laat wag? Jesus sê vir ons: Nee, Hy sal baie gou aan ons reg laat geskied.
Bron: http://preke.bybelmedia.org.za/

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE